

## Nuwe Suid-Afrikaanse Volkslied en die Christendom

Dr. Ronnie vd Merwe, Majuba 2012

---

Wanneer die Geloftedolk hom in terme van die Bloedriviergeloofte wil beywer om 'n Volkshuis tot eer van ons Hemelse Vader te stig is die eerste aspek wat ter sprake moet kom die verwydering van afgodediens uit ons midde.

Hierdie Huis kan alleen tot stand kom wanneer dit ons volk se hartewens is om JHWH(DIE HERE) ons God eksklusief te dien en Sy Naam groot te maak.

Vanaf Vegkop 2009 het die Volksvergaderings(VV's) die rigting ingeslaan dat die Geloftedolk se motief is om 'n vrye volk te word sodat die Grootte Naam van ons Vader in die geheel volkshuishouding groot gemaak kan word en dat daar getuienis kan uitgaan dat die Skepper en Onderhouer van alles wat bestaan Hom in Sy Almag ontferm oor 'n nietige en ellendige volkie wat by Sy Naam kom skuiling soek.

Daarom moet die skeidsmuur wat daar tans tussen ons volk en ons Hemelse Vader bestaan uit die weggeruim word. 'n Saak wat ek voor die vergadering wil lê is die moontlike gruwel van massa afgodsaanbidding deur die aanroep van voorvadergeeste deur die sing en respektering van die volkslied Nkosi sikelel iAfrika.

Die HERE (JHWH) ons God haat die aanroep van afgestorwenes. In Jes. 8:19 staan bv. geskrywe "As hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel - moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie?"

**Die vraag is:** Besing en raadpleeg ons volk Afrika se voorvadergeeste met die sing van Nkosi sikelel iAfrika - Ja of Nee?

Die raad wat ons kry in 1 Joh.4:1 – 3 is:

- (1) "... stel die geeste op die proef of hulle uit God is...
- (2) Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God;
- (3) en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie is nie uit God nie; ..."

Laat ons dan die gees wat besing word op die proef stel.

Nkosi sikelel iAfrika word beskryf as 'n gewyde lied van swartmense wat die seën op Afrika en sy mense afbid( Ensiklopedie van die Wêreld, Deel 7). Die lied het sowat 100 jaar gelede ontstaan en die ANC het dit in die twintigerjare as sy stryd- en bevrydingslied aanvaar. 'n Soort gebed met 'n gebalde vuis.

Daar is 'n Afrikaanse vertaling gemaak om voor te gee dat die Opperwese en die Gees tot wie gebid word die God en die Heilige Gees van die Bybel is.

Maar wie is Nkosi van Afrika. Wat sê Dr. Thakatso Mofokeng. Hy was in 1991 verkies tot aktuaris van die Algemene Sinode van die NGKA. Hy sê: "dat Christus 'n mens met homself versoen. Dit beteken dat Hy die mens van Afrika weer met sy eie kultuur en met sy eie tradisionele godsdiens versoen. Dit het ingrypende implikasies, want tradisioneel is die mense van Afrika deur die grond aan hulle voorvaders verbind want die vaders lê in die grond begrawe. Sonder hierdie verbintenis met die afgestorwenes is die mens van Afrika sonder wortels, sonder identiteit, sonder koers."

Sou swartmense wat nie die God van die Bybel (soos bekend as die God van die witman) as die Enige God aanbid nie, Hom dan aanroep in hul strydlied teen die witman?

Wat sê Nokuzalo Mndende, dosent aan die UK se Departement Godsdienstige Studies, van die swartmense se verering van Christus (Beeld 11/8/1994): "Dit is onwaar dat meer as 80% van alle

Suid-Afrikaners Christene is. Baie swartmense is miskien in naam Christene, maar nie in die praktyk nie.” Sy sê: “Die Christendom is iets wat swartmense aangeleer het. Tradisionele gelowe is iets waarmee hulle gebore is en waarvolgens hulle leef. Die meeste swart Suid-Afrikaners neem aan een of ander tradisionele geloofsgebruike deel. Waarom vereer ons voorvadergeeste? Daar moet iets goeds in wees. Hoewel die sendelinge probeer het om swartmense te verander om Christene te wees het hulle gefaal.”

Wanneer die gees wat aangeroep word se eienskappe ondersoek word sien ons dat die lied die openbaring van die Bybel m.b.t. die Heilige Gees loën en dus nie Skriftuurlik is nie. Om dus voor te gee dat tot die Heilige Gees geroep word mag neerkom op laster teen die Gees wat ‘n onvergeefbare sonde is.

Verder (Aanbidders?) sien ons dat met die sing van hierdie lied die kinders van JHWH(DIE HERE) God hulle met die “kinders van Afrika” sonder uitsondering in een gebedskring verenig. Hul onheilig die Verbond van God deur hul loëning van die antitese tussen gelowiges en ongelowiges. Die HERE (JHWH) belowe nie ‘n algemene seën vir die mensdom of vir Afrika nie. Hy gee Sy seën uitsluitlik aan diegene wat in Hom glo. “Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom.” (Joh. 3:36). JHWH (die HERE) ons God belowe Sy seën slegs aan Sy verbondskinders en beslis nie aan die “kinders van Afrika” sonder enige uitsondering nie.

Die bede tot Nkosi om algemene sonde van alle mense in Afrika te vergewe word beslis nie tot JHWH(DIE HERE) ons God van die Bybel gerig nie. Hy openbaar Hom in Sy Woord as die God van verkiesing en verwerping. Christus bid net vir diegene wat die Vader aan Hom gegee het (Joh. 17:9).

JHWH(DIE HERE) doen alles volgens die raad van Sy wil (Ef. 1:11). Volgens hierdie besluit maak God die harte van Sy uitverkorenes ontvanklik tot geloof en hulle wat nie uitverkies is nie laat Hy in hulle boosheid en verharding bly.

Nkosi sikelel iAfrika mag by oppervlakkige beskouing as ‘n vrome lied voorkom, maar is nie ‘n Skriftuurlike gebed nie. In die lig van die Bybel bring die sing van hierdie volkslied mee dat verbondskinders JHWH(DIE HERE) die God van die Bybel verloën deur Afrika voorvadersgees-aanbidding en dat die Afrikaanse weergawe daarvan misleidend is en aanleiding daartoe gee dat ons volk sondig teen die Heilige Gees.

Ek wil hiermee voorstel dat daar dringend verdere ondersoek van hierdie saak ingestel word en dat ons volk intussen hul moet weerhou van deelname asook dat ons volk se kinders nie gedwing moet word om in skole mee te doen aan die voorvadergees-aanbidding nie.

Wanneer ons volgens die aanbeveling van die apostel Johannes hierdie gees wat aangeroep word op die proef stel in die lig van die Skrif, slaag die volkslied nie die toets nie.